

Die groot gelykmaker is nie die dood nie ...

'n Ou spreuk sê na elke skaakwedstryd beland al die pionne en die koning in dieselfde boks, bedoelende die dood is die groot gelykmaker. Dan maak dit nie saak of jy 'n koning of 'n pion was nie. Korreksie: die lewe is eintlik die groot gelykmaker. Wag, gelóóf is! Dit is geloof, wat die speelveld hier en nou en tot in die verste ewigheid uitsorteer. Jesus sê in Johannes 3 dat elkeen, wat in Hom glo, nou reeds aan die ewige lewe deel het. Dit begin hier en nou. Dit setel in Jesus. Om in Hom te glo, is om deel te hê aan sy lewe, wat nooit ophou nie. Aan die anderkant, om nie te glo nie, is om nou reeds deel te hê aan die dood, wat nooit sal ophou nie. So sê Jesus ook in Johannes 3. Presies dit gebeur hier en aan die anderkant, waar die ewige lewe en ewige dood finaal uitspeel.

In Jesus se gelykenis van Lasarus en die ryk man in Lukas 16 hoor ons juis hoedat die rolle aan die anderkant van die dood omruil. Daar beland die ryk man, wat net vir homself geleef het, in die doderyk. Lasarus kry egter 'n ereplek by Abraham. Die einde aan hierdie kant is die begin van nuwe dinge aan die anderkant. Wanneer die eindfluitjie hier en nou blaas, betree ons 'n ewige nuwe speelveld. Maar die reëls vir die anderkant is nie geklassifiseerde inligting nie. Geloof is immers die groot gelykmaker van die speelveld van die lewe. Geloof in Christus bepaal ons lewe aan beide kante van die lewensdraad!

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir mense wat COVID-19 het
- *Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- *Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- *Bid vir Tannie Marinda Jordaan-het beroete gehad-bid vir volle genesing
- *Bid vir Kobus du Plessis-hy het COVID en gaan baie sleg
- *Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
- *Bid vir ons land en haar mense
- *Bid vir Buks Pretorius & familie met die afsterwe van sy moeder Naomi Pretorius
- *Bid vir Hermann & Erna Sander met die afsterwe van hulle dogter & skoonseun (Francios & Melanie de Swardt)

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



DAAR IS 'N GOD IN DIE HEMEL
- EN DIS NIE JY NIE!
DANIËL 4



NIKS kan jou
van God se liefde skei nie,
SELFS NIE EERS DIE DOOD NIE.
ROMEINE 8:38



Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

Ek kan nie!

Hand 2:24

Jy kán, want God kan